

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

HUISREëLS

(1 APRIL 2014)

HUISREëLS

VAN

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

INHOUDSOPGAWE

1. Gesagstruktuur, missie en waardestelling.....4 - 6
2. Huisreëls :
 - 2.1 Reëls ten opsigte van Sonop geboue en bates7 - 8
 - 2.2 Reëls ten opsigte van, eetsaal en kombuis8 - 10
 - 2.3 Reëls ten opsigte van die Biljartsaal10 - 11
 - 2.4 Reëls ten opsigte van die Netwerk en Netwerkkamer11
 - 2.5 Reëls ten opsigte van die Tennisbaan en die Muurbalbaan ..11 - 12
 - 2.6 Reëls ten opsigte van die Ampsmotor12
 - 2.7 Reëls ten opsigte van die Sonopvlag12
 - 2.8 Reëls ten opsigte van die Gelukbringers13
 - 2.9 Reëls ten opsigte van Eerstejaars13
 - 2.10 Reëls ten opsigte van nuweling13 - 16
 - 2.11 Reëls ten opsigte van Noodhulptas16

2.12	Reëls ten opsigte van Bure en geraas	16 - 18
2.13	Reëls ten opsigte van Raids	18 - 19
2.14	Algemene reëls	19 - 23
2.15	Stiltetye	23
2.16	Akademie	23 - 28
2.17	Nooiery na Streke/Streeksbesetting/Streeksinwoning.....	28 - 29
2.18	Senioriteitslys in Sonop	29 - 31
2.19	Onbehoorlike- en wangedrag	31 - 32
2.20	Drankgebruik	32
2.21	Finansiële kontrakte, reserveringsheffings en losiesgelde	32 - 34
2.22	Bewys van registrasie	34
2.23	Tafelloseerders	34 – 36
2.24	Oud-Sonoppers	36 - 37
2.25	Streeksaktiwiteite	37 - 41
3.	Bylaes :	
3.1	Bylaag A : Drankgebruik.	
3.2	Bylaag B1 : Eerstejaars	
	Bylaag B2 : Tweedejaars	
3.3	Bylaag C : Dissiplinêre Kode	

1. **GESAGSTRUKTUUR, MISSIE EN WAARDESTELLINGS :**
 - 1.1 Sonop Christelike Tehuis (“SONOP”) behoort aan die Bond van oud-Sonoppers wat Sonop hou deur middel van die relevante regspersoon.
 - 1.2 Die Sonopraad as die verteenwoordigers van die regspersoon van Sonop :
 - 1.2.1 is verantwoordelik vir die effektiewe bestuur van Sonop.
 - 1.2.2 bepaal die visie, missie en beleid waarvolgens Sonop bestuur moet word. Hierdie visie, missie en beleid is om die beste studentekoshuis in Suid-Afrika te wees, en om bekostigbare en nie-diskriminerende verblyf aan manlike studente van verskillende bevolkingsgroepe te verskaf, binne ’n kultuur van Christelike waardes, akademiese uitnemendheid en deelnemende lewensoriëntasie.
 - 1.2.3 is aanspreeklik vir die onderhandeling en instandhouding van die samewerkingskontrak met die Universiteit van Pretoria, waarkragtens Sonop mag deelneem aan die aktiwiteite van die Universiteit van Pretoria.
 - 1.3 Die Sonopraad wys ’n Uitvoerende Koshuishoof aan wie se take en bevoegdhede omskryf word in ’n kontrak wat hy het met die Sonopraad, maar wat in breë die volgende behels :
 - 1.3.1 Die Uitvoerende Koshuishoof en/of die Sonopraadsvoorsitter vorm saam met die Primarius van Sonop die Koshuisbestuur en sien oorhoofs saam met die Primarius en die Huiskomitee (“HK”) toe dat die visie, missie en beleid van die Sonopraad en die ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria stiptelik gehonoreer word.
 - 1.3.2 Die Uitvoerende Koshuishoof verteenwoordig die Sonopraad op die koshuisperseel en kan te enige tyd ’n inwoner wat buite die Huis-en Ordereëls optree aanspreek en sy naam deurgee vir die HK of Sonopraad vir tugoptrede, of self in ooreenstemming met die Dissiplinêre Kode dissiplinêre stappe neem wat hy goed dink.

- 1.3.3 Die Uitvoerende Koshuishoof kan enige besluit of koshuis-aksie of aksie of aktiwiteit van enige individu of groep in Sonop wat nie in ooreenstemming is met die beleid van die Sonopraad nie veto, en 'n onmiddellike moratorium daarop plaas. Enige Huislid wat opsetlik of bloot nalatiglik enige Huisreël of instruksie of verbod of reëling wat gemaak is deur die Huiskomitee of die Koshuishoof of die Sonopraadsvoorsitter of die Sonopraad oortree, maak hom skuldig aan ernstige wangedrag, en kan vervolg word ingevolge die Dissiplinêre Kode.
 - 1.3.4 Indien daar nie eenstemmigheid is tussen die Primarius en die Uitvoerende Koshuishoof oor die interpretasie van die Sonopraad se beleid nie, mag die Primarius die aangeleentheid verwys na die Sonopraad vir uitsluitstel.
 - 1.3.5 Die Uitvoerende Koshuishoof konsulteer wyd met die Primarius en HK en volg 'n inklusiewe en deelnemende bestuurstyl.
 - 1.3.6 Die Uitvoerende Koshuishoof ondersteun die Primarius en die HK met advies en leiding, en is gemagtig en behoort op alle HK vergaderings in te sit, waarvoor hy beskikbaar is, en moet hy kennis van alle HK vergaderings ontvang vanaf die Primarius.
- 1.4 Die Primarius en HK word jaarliks op 'n demokratiese wyse deur die Huislede verkies, waarna die Primarius en die HK hulleself kontraktueel met die Sonopraad soos verteenwoordig deur die Uitvoerende Koshuishoof verbind tot die nakoming van hulle regte, bevoegdhede en verpligtinge. Die funksies van die Primarius en HK word in hulle kontrak omskryf wat hulle met die Uitvoerende Koshuishoof het, maar is in die algemeen die volgende :
 - 1.4.1 Die Primarius en sy HK gee uitvoering aan die visie, missie en beleid van die Sonopraad, en reël die praktiese studentelewe in die Tehuis.
 - 1.4.2 Die Primarius en HK is verantwoordelik en aanspreeklik vir die handhawing van orde en dissipline in die Tehuis. Hulle sien toe dat alle reëls en die beleid van die Sonopraad toegepas word en neem advies van die Uitvoerende Koshuishoof ten opsigte van die korrekte toepassing van die dissiplinêrekode, en die bestuur van die Tehuis.

- 1.4.3 Die Primarius en HK keur en oorweeg voornemende inwoners (eerstejaars en nuweling) volgens die riglyne van die Sonopraad, en lê die name van gekeurdes aan die Uitvoerende Koshuishoof voor, wat die finale plasings maak na oorlegpleging met die Sonopraad.
- 1.5 Alle inwoners van Sonop onderwerp hulle aan die beheer en toesig van die HK en die dissiplinêre strukture van die Sonopraad en erken dat die HK en die strukture van die Sonopraad die bevoegdheid het om tug ten aansien van oortredings toe te pas. Hierdie toestemming tot die jurisdiksie van die HK en die Sonopraad is 'n onherroeplike jurisdiksie wat voortduur en geld ook oor enige oud-Sonopper sodra hy op die perseel van Sonop kom en enige verwysing na "inwoner" of "Sonopper" in hierdie dokument geld waar toepaslik ook vir oud-Sonoppers sodra hy op die perseel van Sonop kom.
- 1.6 Geen inwoner of groep inwoners of 'n beweging gevorm deur 'n groep inwoners, mag die pligte en bevoegdhede van die HK oorneem om tug toe te pas nie of poog om sodanige bevoegdhede oor te neem of op enige wyse die toepassing van tug in eie hande neem nie.
- 1.7 Geen inwoner mag homself skuldig maak aan enige gedrag wat die koshuiskarakter en koshuistradisie skade aandoen nie.
- 1.8 Elke inwoner moet alles in sy vermoë doen om die Christelike karakter, die waardigheid, die tradisies en goeie gees van Sonop in stand te hou en uit te bou.
- 1.9 Die vyf goue riglyne van Sonop is Uitnemendheid, Integriteit, Lojaliteit, Dissipline en Balans.
- 1.10 Die oortreding van enige van hierdie reëls, maak 'n inwoner tugwaardig ooreenkomstig die norme neergelê in die Dissiplinêre Kode, en tug kan selfs skorsing uit Sonop insluit.
- 1.11 Hierdie reëls word jaarliks deur die Sonopraad hersien en goedgekeur op sy laaste vergadering van die jaar, sodat wysigings in werking kan tree en kan geld vanaf die begin van die daaropvolgende akademiese jaar. Wysigings mag slegs aan hierdie Reëls aangebring word deur die Sonopraad, behalwe waar uitdruklik hierin vermeld word.

2. **HUISREëLS :**

2.1 **Reëls ten opsigte van Sonop geboue en bates :**

- 2.1.1 Alle inwoners sal alle eiendom van Sonop met die nodige versigtigheid behandel en is verantwoordelik om Sonop te vergoed vir enige bates wat hulle sou beskadig. Elke inwoner betaal 'n breekskade deposito wanneer hy vir die eerste keer in Sonop intrek. Hierdie deposito word gebruik om enige skade wat hy mag veroorsaak te herstel, en die saldo kan terug geëis word vanaf die Sonopraad wanneer hy finaal die Huis verlaat. Indien die bedrag onvoldoende is, is die Sonopraad geregtig om ook die balans van enige skade van die inwoner te verhaal.
- 2.1.2 Geen inwoner mag enige veranderings of verbeterings, byvoorbeeld die verf van die kamer, of die aanbring van rakke, verander van slot, ens, in sy kamer aanbring sonder die toestemming van die lid van die Koshuisbestuur vir geboue of die faktotum nie. Indien sodanige toestemming aan 'n inwoner gegee word, moet hy na keuse van die Koshuisbestuur alle veranderings en verbeterings in sy kamer laat wanneer hy die kamer ontruim. Die Koshuisbestuur is geregtig om van 'n inwoner te vereis dat hy enige veranderings of verbeterings wat ongemagtig aangebring is, op sy koste te verwyder of te laat verwyder en enige skade wat hy veroorsaak het met die aanbring of verwydering te herstel.
- 2.1.3 Tweedejaars en senior Huislede is self verantwoordelik vir die uitverf van hulle kamers. Hulle is wel geregtig op die verf (wit of beige) en verfbenodigde wat gratis by die faktotum, nadat die Koshuishoof die versoek goedgekeur het, beskikbaar is.
- 2.1.4 Die Koshuishoof moet toesien dat alle leë kamers gesluit bly. Geen leë kamers mag deur 'n Huislid en/of streek as stoorkamer/sitkamer/TV-kamer ingerig word nie
- 2.1.5 Alvorens 'n inwoner Sonop permanent verlaat moet sy kamer geïnspekteer word deur die lid van die Koshuisbestuur vir geboue (of deur die faktotum) en die inventaris van sy kamer moet nagegaan en geteken word.

'n Koshuisverlatingsvorm moet ingevul word maar sal slegs aanvaar word indien die kamer na die Koshuisbestuur (of die faktotum) se mening in orde is en indien die sleutel aan die lid van die Koshuisbestuur (of die faktotum) teruggelewer word. Indien 'n inwoner nie hierdie vereistes nakom nie, sal hy sy breekskade deposito verbeur.

2.1.6 'n Inventaris moet geteken en ingevul word voordat 'n inwoner in 'n kamer intrek en is dit die verantwoordelikheid van die HK vir Geboue om die inventarisse in ontvangs te neem, na te gaan en te bewaar.

2.1.7 Geen meubels, matrasse, beddegoed, die televisie, video masjien, die radio, of enige ander bates van Sonop mag uit die biljartsaal, slaapkamers, of enige ander vertrek verwyder word sonder die toestemming van 'n lid van die Koshuisbestuur nie.

2.2 **Reëls ten opsigte van etes, die eetsaal en kombuis** :

2.2.1 Geen eetgerei of kos mag uit die kombuis, enige stoorkamer of die eetsaal verwyder word nie.

2.2.2 Indien 'n inwoner laat is vir ete, moet behoorlik verskoning gemaak word by die HK, en toestemming moet van die HK verkry word om voor die einde van ete die eetsaal te verlaat. Huislede moet sover moontlik as hulle op die koshuisterrein is, die aansiteties bywoon.

2.2.3 Etenstye is die volgende :

		Seniors	Eerstejaars
Ontbyt:	Weeksdae	6:30 - 8:30	6:30 - 8:00
	Sondae	7:30 - 8:45	7:30 - 8:00
Middagete:			
Weeksdae:	Kaf-ete	12:00 -12:45	12:00 - 12:45
	Aansit-ete	12:45	12:00 -12:30
Saterdag:	Brunch	10h00 - 11h00	
Aansit ete (Sondag)		12:30	12:00 - 12:20
Aandete:			
Weeksdae:	Kaf-ete	17:00 - 17:30	17:00 -17:30
	Aansit ete	18:30	18:00 - 18:20
Naweke: Vrydag en Saterdag		17:00 - 17:30	17:00 - 17:30

Sondae	17:15 - 17:45	17:15 -17:45
--------	---------------	--------------

(Saterdag om 10:30 word 'n laatoggend ontbyt/vroegmiddagete ("brunch") bedien. Huislede wat vooraf uitteken vir die "brunch" kan egter om 7:00 graankosse kry om te eet vir ontbyt.)

Hierdie tye kan te enige tyd anders gereël word deur die Koshuisbestuur.

- 2.2.4 Inwoners mag etes in gemaklike dagdrag bywoon, en nie slaapklere nie en moet altyd behoorlik gekleed aan tafel verskyn. Niemand mag sonder skoene, hemp of broek in die eetsaal verskyn nie.
- 2.2.5 Kleredrag by etes moet in die algemeen die goedkeuring van die HK wegdra.
- 2.2.6 Tydens die eerste en laaste aansit etes van die jaar moet inwoners met das en baadjie ete bywoon, en die Voorsitter moet die jaar open of afsluit met skriflesing en gebed.
- 2.2.7 Inwoners van Sonop mag, in oorleg met die HK, vriende vir etes nooi. Elke inwoner sal slegs 4 borde kos deur die jaar ontvang om aan vriende te gee. Die inwoner wat 'n vriend nooi, moet elke keer teken daarby as hy 'n bord kos neem. Daar moet met Nonnie voor ete gereël word vir die ekstra bord kos.
- 2.2.8 Servette of kos mag nie binne of buite die eetsaal rondgegooi word nie.
- 2.2.9 Inwoners moet ten alle tye netjiese tafelmaniere hê.
- 2.2.10 Eerstejaars en semi's mag nie die senior deur gebruik nie.
- 2.2.11 Daar mag nie in die eetsaal gerook word of alkohol ingebring of gedrink word nie. Die enigste uitsonderings hierop is uitsonderings wat deur die Koshuisbestuur gemaak mag word vir byvoorbeeld sosiale geleenthede soos die Jakaranda ete.
- 2.2.12 Geen Huislid mag die kombuisdeur as toegang vir die eetsaal gebruik nie en word ook nie in die kombuis toegelaat nie.
- 2.2.13 Huislede moet streng by die in-en uittekenreëls soos deur Koshuisbestuur vasgestel, hou.

2.3 **Reëls ten opsigte van die Biljartsaal :**

- 2.3.1 Die senior sitkamer is net vir 4de jaars en op. Daar mag nie op die banke gelê of gemors word nie.
- 2.3.2 Alle koerante moet netjies in die senior sitkamer se tafel gelos word. Vierdejaars en op mag in die senior sitkamer sit en lees. Koerant mag nie verwyder word uit die biljartsaal voordat die volgende uitgawe van die betrokke koerant nie verskyn het nie. Indien koerante in die eetsaal gehou word geld laasgenoemde reël ook daar.
- 2.3.3 Inwoners mag nie 'n artikel uitknip of uitskeur voor die volgende uitgawe van die betrokke koerant nie verskyn het nie.
- 2.3.4 Geen Huislid mag sonder 'n hemp of skoene in die biljartsaal verskyn nie.
- 2.3.5 Daar mag nie op die kroegblad, muurtjies, snoekertafel of meubels gestaan word nie.
- 2.3.6 Daar mag nie in die Biljartsaal gerook word nie.
- 2.3.7 Daar mag nie enige item uit die biljartsaal verwyder word sonder die toestemming van die HK nie.
- 2.3.8 Indien daar iets in die biljartsaal geëet word moet elke Huislid wat iets eet, moet die biljartsaal netjies en skoon agterlaat.
- 2.3.9 Seniors en tweedejaars mag die snoekertafel, tafeltennis, veerpyltjies en "foozeball" gebruik. Eerstejaars mag glad nie enige toerusting in die biljartsaal gebruik nie. Nuwelinge mag slegs die toerusting gebruik indien 'n senior of semi hom nooi om saam met hom te speel.
- 2.3.10 Daar mag nie op die snoekertafel gesit, gelê, geëet of gemors word nie.
- 2.3.11 Stokke moet netjies teen die muur geplaas word nadat dit gebruik is.

2.3.12 Die eerstejaar aan diens moet elke oggend die nuwe koerante gaan koop en op die tafel in die senior sitkamer plaas en die vorige dag se koerante verwyder. Die kaggel moet skoongemaak word.

2.3.13 Senioriteit moet gehandhaaf word met betrekking tot die sitplekkeuse asook die keuse van die TV kanaal of Radiostasie.

2.3.14 Die televisie of radio se volume mag nie so hard wees dat dit enige ander Huislede kan steur nie.

2.3.15 Die speel van musiek op Sondag moet altyd geskied met inagneming van die stemming wat op die dag tuishoort.

2.4 **Reëls ten opsigte van die Netwerk en Netwerkkamer :**

2.4.1 Geen inwoner behalwe 'n Netwerkkomiteelid mag in die "server-kamer" ingaan en/of verstellings aan die "server" doen nie.

2.4.2 Geen netwerkkomiteelid of Huislid mag enige pornografiese en/of satanistiese programme kyk of aflaai nie.

2.5 **Reëls ten opsigte van die Tennisbaan en die Muurbalbaan :**

2.5.1 Slegs skoene wat geen merke op die bane laat nie, mag gebruik word.

2.5.2 Besoekers mag, nadat hulle toestemming by die HK of Koshuishoof bekom het, op die baan speel, maar moet die baan verlaat indien Huislede wil speel.

2.5.3 Daar mag nie op die baan of in die toeskouer area gerook word nie.

2.5.4 Die lugverkoeling van die muurbalbaan moet na gebruik van die baan afgeskakel word.

2.5.5 Ligte kan aangehou word om krag te bespaar (wat tydens die aan- en afskakel daarvan vermors word.). Dit moet in die

aand deur die eerstejaar wat op sportdiens is afgeskakel word. Die eerstejaar aan diens moet ook in die aand die tennisnet afhaal, die muurbalbaan (nie die matgedeelte nie)

uitvee en sluit. Die waterhouer moet elke dag volgemaak word en een keer per week uitgewas word.

2.6 **Reëls ten opsigte van die Ampsmotor** :

- 2.6.1 Die Bollietrollie dien as ampsmotor vir Sonop se HK.
- 2.6.2 Die HK mag toestemming verleen aan senior Huislede om op die ampsmotor te ry.
- 2.6.3 Die ampsmotor moet altyd deur 'n HK-lid bestuur word.
- 2.6.4 Die HK mag toestemming aan 'n buite-instansie verleen om die Bollietrollie te gebruik mits dit tot voordeel van Sonop kan strek – byvoorbeeld vir 'n skool se dirigente. Die Bollietrollie moet in so geval nogsteeds deur 'n HK-lid bestuur word.

2.7 **Reëls ten opsigte van die Sonopvlag** :

- 2.7.1 Die Sonopvlag kan, indien die weer dit toelaat, met die volgende geleentheid of op die volgende dae gehys word :
 - a) Op openbare vakansiedae volgens die diskresie van die HK
 - b) Die dag met jooloptog
 - c) Die dag met die Seniordinee
 - d) Op lentedag
 - e) Aan die begin van elke akademiese semester
 - f) Die dag met 'n huisvergadering
 - g) Die dag met 'n VSR-verkiesing of tussenverkiesing
 - h) Tydens spesiale geleenthede soos deur die HK bepaal
 - i) Op opedag
- 2.7.2 By die afsterwe van 'n Sonopper of 'n ander persoon (deur die HK bepaal) sal die vlag op die dag van die persoon se begrafnis halfmas hang.
- 2.7.3 Die Sonopvlag kan ook binnehuis vertoon word met huisvergaderings en ander geleenthede volgens die diskresie van die HK.

2.8 **Reëls ten opsigte van die Gelukbringers** :

- 2.8.1 Garribaldi is Sonop se amptelike gelukbringer.

2.8.2 Oom Gert is die Universiteit se gelukbringer wat deur Sonop bewaar word.

2.8.3 Geen Huislid mag uitvra oor die bewaringsplek van enige van die gelukbringers nie. Oortreding van hierdie reël is strafbaar, selfs met skorsing.

2.8.4 Elke Huislid moet alles in sy vermoë doen om hierdie gelukbringers te beskerm.

2.9 **Reëls ten opsigte van Eerstejaars** :

2.9.1 As algemene reël word dit op rekord geplaas dat Sonop se reëls met betrekking tot eerstejaars, behalwe waar dit ooreengekom is met die Universiteit, moet ooreenstem met die reëls van UP.

2.9.2 Sonop se spesifieke reëls word uiteengesit in Bylaag “B” hierby.

2.10 **Reëls ten opsigte van nuweling** :

2.10.1 Elke nuweling moet aktief by die aktiwiteite van Sonop inskakel en homself vereenselwig met die trots en waardes van Sonop.

2.10.2 Die HK lid verantwoordelik vir nuweling is verantwoordelik daarvoor om te sien dat die nuweling weet wat van hom verwag word, en dit ook doen.

2.10.3 Vanaf sy aankoms in Sonop, moet hy vir ten minste 32 etes, beginnende op die eerste middagete waartydens hy aan tafel is, die eerstejaars help bedien, in baadjie en das. 'n Nuweling mag nie aansit by etes voordat hy nie al 32 etes bedien het nie. Dit is die nuweling se verantwoordelikheid om by elke ete waartydens hy bedien, die HK in kennis te stel dat hy teenwoordig is, sodat sy bediening aangeteken kan word.

2.10.4 Die nuweling moet, tydens sy eerste ete, homself bekend stel aan die Huislede en ook alle Huislede leer ken binne vier weke nadat hy homself aan die Huis voorgestel het.

- 2.10.5 'n Nuweling moet Huisaktiwiteite bywoon, of behoorlik verskoning maak by die HK indien hy dit nie sal kan bywoon nie.
- 2.10.6 Voordat 'n nuweling as 'n Huislid erken word deurdat hy sy Sonopdas verwerf, mag hy nie :
- 2.10.6.1 Genooi word na 'n senior streek toe nie, soos beskryf word in paragraaf 2.17.6.
 - 2.10.6.2 Kan hy nie die senior dinee bywoon nie.
 - 2.10.6.3 Op die snoekertafel speel of veerpyltjies in die Biljartsaal speel nie, tensy deur 'n senior Huislid uitgenooi word om saam met hom te speel. 'n Senior Huislid mag nie vir 'n nuweling toestemming gee om alleen op die snoekertafel te speel nie.
- 2.10.7 Die instemming van 'n nuweling as Sonopper geskied deur die HK. Om ingestem te word as 'n Sonopper moet hy :
- 2.10.7.1 Reeds 'n minimum van ses maande in die Tehuis bly.
 - 2.10.7.2 Aan die HK bewys dat hy al die Huislede se name en vanne ken.
 - 2.10.7.3 Reeds al sy pligte soos hierbo uiteengesit nagekom het.
- 2.10.8 Nuweling mag nie deur die seniordeur in die eetsaal loop, voordat hy een jaar in die koshuis gebly het, nie.
- 2.10.9 Nuweling se senioriteit is gelyk aan die jare wat hy in die koshuis bly. Hy is egter aan die onderkant van die senioriteitslys van daardie Sonoppers wat as eerstejaars dieselfde jaar as hy by die Universiteit begin studeer het en wat 'n ienk in Sonop was.
- 2.10.10 Indien 'n Nuweling nie aan die vereistes om ingestem te word binne 1 jaar van sy verblyf voldoen nie, moet hy heraansoek doen by die HK om die volgende jaar aan te bly in die koshuis.

2.10.11 Betrokkenheidsverpligtinge van nuweling :

Die betrokkenheid van nuweling word op die basis van 'n puntstelsel hanteer. 'n Nuweling moet aan sekere vereistes voldoen in sy eerste jaar in die koshuis. Indien daar aan die vereistes voldoen word sal die betrokke nuweling se plek vir verdere verblyf in Sonop verseker word. Indien daar nie aan die vereistes voldoen word nie gaan die nuweling 'n verdere proeftydperk van ses maande ontvang om aan die vereistes te voldoen. Wanneer die ses maande tydperk verstryk het en daar is nog steeds nie aan die vereistes voldoen nie word die nuweling deur die Huiskomitee gevra word om die koshuis te verlaat of die nuweling moet heraansoek vir verdere verblyf in Sonop. Die vereistes is soos volg :

- (a) die nuweling moet sy 32 bedien etes voltooi in die eerste ses van sy verblyf in Sonop;
- (b) die nuweling moet alle senior Huislede se name ken;
- (c) die nuweling moet aan die minimum vereistes van die puntstelsel voldoen na sy eerste ses maande verblyf;
- (d) die nuweling moet in sy eerste ses maande van verblyf in Sonop akademiese gemiddeld van meer as 50 % handhaaf.

Puntstelsel :

Daar is verskillende kategorieë in die puntstelsel wat elk spesifiek gewig dra. Die nuweling het 'n opsie tussen kategorie een en kategorie twee. Daar kan of aan die minimum vereistes van beide kategorieë voldoen word of 'n maksimum punt by een van die twee kategorieë. 'n Nuweling moet dus byvoorbeeld of aan geen sportsoorte en vier kultuuraktiwiteite deelneem of andersom. Die kategorieë is die volgende :

Kategorie 1 :

1. Sport
2. Jool

Kategorie 2 :

1. Kultuur
2. Jool

Sport

1 punt sal toegeken word vir elke sportsoort waaraan deelgeneem word. 'n Nuweling moet minstens in twee sportsoorte deelneem. As 'n nuweling aan geen sportsoorte deelneem moet hy aan vier kultuuraktiwiteite deelneem.

Kultuur

1 punt sal toegeken word vir elke kultuuraktiwiteit waaraan deelgeneem word. 'n Nuweling moet minstens aan twee kultuuraktiwiteite deelneem. As 'n nuweling aan geen kultuuraktiwiteite deelneem nie moet hy aan vier sportsoorte deelneem.

Jool

'n Nuweling moet op die Joolkomitee van Sonop dien.

2.11 **Reëls ten opsigte van die Noodhulptas :**

2.11.1 Daar moet te alle tye twee noodhulptasse in Sonop wees.

2.11.2 'n Volledige noodhulptas sal beskikbaar wees en sal onder die toesig van 'n mediese student (aangewys deur die HK) geplaas word.

2.11.3 Hierdie tas moet ten alle tye volledig toegerus en in stand gehou word deur die betrokke verantwoordelike persoon, en hy kan sy uitgawes vanaf die HK vorder.

2.11.4 Die ander noodhulptas moet in die nonnies se kantoor gehou word en deur die nonnies in stand gehou word.

2.12 **Reëls ten opsigte van Bure en geraas :**

2.12.1 Aangesien Sonop in 'n woongebied geleë is, moet alle inwoners die belange van bure in ag neem.

2.12.2 Die volgende tye geld ten opsigte van geraas in die koshuis :

- 2.12.2.1 elke dag van die week, naweke insluitende, geld die volgende tye waartydens balskop, krieket, “volleyball” en ander aktiwiteite wat met matige geraas gepaardgaan mag plaasvind :
- 12h00 – 14h00
16h00 – 19h00
21h00 – 21h30
- 2.12.2.2 die volgende uitsonderings sal geld op die voormelde algemene reëls :
- (a) Donderdae aande, en wanneer HK georganiseerde “socials” plaasvind, geld stilte tyd vanaf 23h30.
 - (b) Vrydae en Saterdag mag daar uitsonderings op hierdie reël plaasvind wanneer daar HK georganiseerde aktiwiteite wat deur die Koshuishoof en Sonopraad goedgekeur is plaasvind.
 - (c) Met betrekking tot die tennis- en muurbalbaan geld die tye in 2.12.3 vermeld.
 - (d) Wat betref die muurbalbaan en tennisbaan (tydens beoefening van tennis en muurbal) mag daar nie buitensporige lawaai soos skreeuery en die speel van musiek plaasvind buite die tye in 2.12.2.1 vermeld nie.

2.12.3 Die volgende tye geld vir die tennisbaan en muurbalbaan :

Weeksdae en Saterdag 07h00 tot 22h00.

Sondae : Die tennisbaan mag op Sondag van 10h00 tot 13h00 en van 16h00 tot 20h00 gebruik word vir sosiale tennis alleen deur die individue en nie deur groepe nie, wat behoorlik gekleed is en wat nie ‘n lawaai of stoornis veroorsaak nie. Pyl en boogskiet kan deur individue beoefen word, maar mag geen sportligas of georganiseerde wedstryde van watter aard ookal beoefen word nie.

Vir tye buite bogenoemde en in gevalle (ongeag die tyd) waar die tennisbaan tydens die beoefening van muurbal of tennis vir enige ander doel as tennis gebruik word, moet toestemming van die Koshuishoof/ Koshuisbestuur verkry word. Toestemming sal in koördinering met die direkte bure wes van die tennisbane gegee word.

2.12.4 Geraas beteken ook dat lawaai nie op die uithoeke van Sonop gehoor kan word nie, en dat enige musiek of geraas nie steurend vir ander Huislede sal wees nie, besonderlik vir Huislede wat studeer.

2.12.5 In sekere uitsonderings gevalle kan die Koshuisbestuur (Koshuishoof en Primarius) reël dat ander tye sal geld as hierbo bepaal word. Indien enige aksie wat buite hierdie tye plaasvind, of wat steurend kan wees vir die bure, moet die organiseerder van hierdie aksie in oorleg met die Koshuishoof, die bure 7 dae vooraf skriftelike kennis gee.

2.12.6 Die Koshuishoof en HK voorsitter moet gereeld in kontak bly met die bure om goeie verhoudinge in stand te hou en klagtes aan te hoor.

2.12.7 Geen bomme, soos byvoorbeeld spuitblikkies in vure, droë ysbomme, ens, mag gemaak word nie, en mag geen klappers in die koshuis geskiet word, of mag gewone ketties, en windbukse, blaaspype of enige vuurwapen nie enigsins in die Koshuis aangehou word sonder skriftelike toestemming van die Koshuishoof nie. Hierdie items mag glad nie op Sonop se terrein gebruik word nie, en sal enige student wat enige van hierdie items gebruik hom skuldig maak aan growwe wangedrag.

2.12.8 Die primêre doel van inwoning in Sonop is om te studeer en nie vir vermaak nie, en moet geraasvlakke altyd gehandhaaf word wat enige lid wat wil studeer die volle geleentheid daartoe gee.

2.13 **Reëls ten opsigte van Raids** :

2.13.1 Geen motors wat langs die koshuisgronde verby ry en toeter druk mag gejaag word nie. Indien inwoners 'n motor jaag wat verby die koshuis ry, sal die Sonopraad en die HK

geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige regsgevolge wat daaruit voortspruit nie, en sal die betrokke inwoners wat die reg in eie hande geneem het, self verantwoordelikheid moet aanvaar vir enige ongelukke, eise of enige ander gevolge wat uit hulle jaag van die karre mag voortspruit.

2.13.2 As 'n inwoner toeter druk in die koshuis, sal hy getug word volgens die diskresie van die HK.

2.13.3 Geen toeskouers, (selfs nie oud-Sonoppers nie) word by 'n raid toegelaat nie.

2.13.4 In afwesigheid van die Koshuishoof of enige HK-lede, berus gesag by die mees senior Huislid teenwoordig.

2.14 **Algemene reëls** :

2.14.1 Daar mag sosiale funksies in Sonop gehou word, maar slegs met die vooraf toestemming van die Koshuishoof. Dit sluit ook Streeksfunksies in, en word na die drankbeleid in Bylaag "A" verwys vir die Reëls met betrekking tot Streeksfunksies.

2.14.2 'n Huisfoto en 'n HK foto moet elke jaar geneem word en in Sonop opgehang word.

2.14.3 Enige inwoner wat sonder 'n verskoning afwesig is van 'n huisvergadering, of ander interne Huis aksies stel homself bloot aan tug volgens die diskresie van die HK.

2.14.4 Die vier groter streke - Ooste, Weste, Noorde en Sentraal – kan met toestemming van die HK elkeen 'n hond aanhou. Slegs klein en medium hondeword toegelaat.

2.14.5 Huislede wat enige troeteldier na die tehuis bring, moet eers toestemming by die HK én Koshuishoof kry wat dit na diskresie en binne wetlike vereistes kan goed- of afkeur.

2.14.6 Dit versorging van diere - kos, veeartskoste en vakansieverblyf - is die verantwoordelik van elke streek of individu wat 'n dier aanhou.

2.14.7 Géén dier word óf in die eetsaal óf in die kombuis toegelaat nie.

2.14.8 Die Sonopraad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige eise wat uit die aanhou van 'n dier mag voortspruit nie – byvoorbeeld as iemand gebyt sou word of 'n motorbotsing veroorsaak as dit buite die koshuisgronde is nie, in welke geval die persoon wat die dier aanhou aanspreeklik is.

2.14.9 Geen klere of motors mag op Sondag gewas word nie.

2.14.10 Eerstejaars mag nie gedurende Huisvergaderings praat nie.

2.14.11 Die Semi's mag nie hulle Semi-week of Semi-dinee hou voordat die Semi-projek en/of die Guinness Book of Records-rekord nie afgehandel is nie.

2.14.12 Steel van bordjies, padtekens en plante
Die steel van bordjies, padtekens en plante is verbode. Inwoners wat hulle hieraan skuldig maak sal geen beskerming van die HK en/of Sonopraad ontvang nie een enige eise wat moontlik daaruit mag voortspruit, sal geheel en al die verantwoordelikheid van die betrokke Huislid wees.

Ten einde die tradisie van bordjies waarvoor Sonop bekendheid verwerf het, voort te sit, word huislede aangemoedig om ongebruikte bordjies wat iewers op die Sonopterrein sou pas, by eienaars daarvan te vra.

Sodanige bordjies mag egter nie – in die lig van die nuut gerestoureerde geboue – self deur huislede teen die geboue aangebring word nie. Huislede moet dit aan die HK-lid vir Grond en Geboue voorlê vir goedkeuring waarna die faktotum opdrag gegee sal word om dit teen die gebou aan te bring.

2.14.13 Hekke
Die elektroniese hekke is daar vir die inwoners se veiligheid en gerief en moet te alle tye toegehou word, en slegs inwoners mag 'n toegangskode verkry en gebruik vir die elektroniese hekke.

Geen Huislid, behalwe die HK-lid vir geboue of iemand deur hom aangewys, die Koshuishoof of voorman, mag die hekmotor ontkoppel of die hek van die spoor oplig nie.

Huislede wat die hek en/of hekmotor om welke rede ookal beskadig, is ten volle verantwoordelik vir die herstellkoste van die hek soos herstel deur die firma deur die Koshuishoof aangewys.

2.14.14 Algemene personeel

Huislede mag van die algemene personeel (kombuis en/of buitewerkers) se dienste gebruik maak – byvoorbeeld kamers uitvee, klere stryk, kamers uitverf. Wasgoed was met Sonop se wasmasjiene word egter uitgesluit. Hierdie dienste mag slegs buite hulle werksure geskied en teen 'n vergoeding soos onderling ooreengekom.

Die was van klere mag slegs deur Huislede self (in die Westebadkamers) of deur die werkers by die Washuis gedoen word.

2.14.15 Rassisme

Rassisme in watter vorm ookal word verbied. Oortreders in dié verband sal ooreenkomstig die Dissiplinêre Kode gestraf word.

2.14.16 Leen van kombuisware en gereedskap

Die leen van kombuisware by die nonnies en/of gereedskap by die voorman geskied met die betaling van 'n vasgestelde deposito wat onmiddellik terugbetaal word sodra die geleende item in 'n bevredigende toestand terugbesorg word.

Beskadigde items se volle vervangingswaarde sal van die lener verhaal word.

2.14.17 Stemreg

Slegs Huislede (tweedejaars en seniors) wat in die eerste semester se eksamen 'n gemiddeld van 50 plus behaal het en wie se losiesgelde, soos per Finansiële Kontrak ooreengekom is, op datum is, het stemreg in die HK verkiesing

2.14.18 Staan vir HK

Huislede wat vir die HK verkiesing wil staan, moet aan die akademiese prestasie voldoen soos deur Tuks Res bepaal voor hulle verkiesbaar is.

Slegs Huislede wie se losiesgeld, soos per Finansiële Kontrak ooreengekom is, betaal is, kan vir die HK staan.

2.14.19 Vakansies

Huislede wie se losiesgelde op datum is mag met toestemming van die Koshuishoof tydens vakansies in die tehuis woon, maar sal geen etes ontvang nie.

Alle huisreëls en strafmaatreëls in hierdie dokument is ook geldig vir vakansietye.

Geen seniors of tweedejaars mag egter tydens die oriënteringsweek in die Tehuis woon sonder toestemming van die Koshuishoof nie.

2.14.20 Publikasies

Alle publikasies (gedruk of elektronies) wat deur die HK, komitees, streke of enige Huislid in belang van Sonop en onder Sonop se naam uitgegee word, moet deur die Koshuishoof goedgekeur word.

2.14.21 Vrydag – Sonopdrag

Huislede dra, sover moontlik en soos deur die HK vasgestel, Vrydae Sonopdrag kampus toe.

2.14.22 Taalbeleid

Afrikaans is die amptelike voertaal in Sonop tydens afkondigings by etes en huisvergaderings. Soos nodig en deur die HK gereël kan dit met Engels afgewissel word.

Kennisgewings wat in die Tehuis opgesit word, bemerkingsmateriaal en die Huis-en Ordereëls moet in beide tale beskikbaar wees.

2.14.23 Ooste sirene

Die Ooste-sirene mag in en om die Tehuis slegs eenkeer 7 minute aan die begin en die einde van amptelike Ooste-streeksvergaderings (maksimum van 4 per jaar) gebruik word.

Die gebruik van die Ooste-sirene by rugbywedstryde op LC is toelaatbaar vir solank Tuks Rugby dit toelaat.

2.14.24 Oop vure

Geen oop vure mag op die koshuisgronde gemaak word buiten by Sonopraad goedgekeurde braaivleisareas. Daar moet te alle tye seker gemaak word dat brandbestrydingsapparaat beskikbaar is.

2.14.25 Vaste strukture op perseel

Geen vaste struktuur soos braaivleisarea, afdak, lapa, visdam ens mag opgerig word sonder die toestemming van die Koshuishoof wat alleen sal toestemming verleen as dit inpas by die Sonop Restourasie Projekkomitee se beplanning.

2.14.26 Koshuisverlaters

Inwoners wat die einde van die jaar die tehuis verlaat moet hulle kamers voor die 31ste Desember van die betrokke jaar ontruim. Die koshuishoof kan, indien daar stoorruimte beskikbaar is, in uitsonderlike gevalle (byvoorbeeld inwoners wat ver woon) stoorruimte verskaf soos wat benodig mag word.

2.14.27 Geen urinerig behalwe in die badkamers word op of langs die koshuisterrein (binne en buite) toegelaat nie, en is dit verbode om enige struktuur of apparaat op te rig of te gebruik waarin urinerig buite die kamers plaasvind.

2.15 **Reëls t.o.v stiltetye in Sonop :**

2.15.1 Die stiltetye in Sonop word in paragraaf 2.12.2 uiteengesit :

2.15.2 Die boonste tye word gegee sodat daar 'n akademiese atmosfeer kan heers in Sonop. Dus geen geraas van watter aard ook al mag gemaak word tydens hierdie tye nie.

2.16 **Reëls t.o.v Akademie in Sonop :**

2.16.1 Die Sonopraad het besluit om vanaf 2011 'n vereenvoudigde plasingbeleid te implementeer gebaseer op die sogenaamde HEMIS (Higher Education Management

System) wat reeds by sommige Suid-Afrikaanse Universiteite gebruik word vir koshuisplasing.

2.16.2 Die HEMIS stelsel ondervang talle probleme soos byvoorbeeld dat studente vakke staak om hulle gemiddeld te probeer verbeter, dat maklike vakke soos Rekenaargeletterdheid dieselfde gewig kan dra by die berekening van 'n gemiddelde punt as 'n baie moeilike vak, ensovoorts.

2.16.3 Die HEMIS stelsel is gebaseer daarop dat die totale getal krediete wat 'n student se kursus per akademiese jaar vereis (en soos voorgeskryf word in elke fakulteit se Jaarboek) gelyk gestel word aan 1 (een) HEMISPUNT, en dat van studente verwag word om aan die einde van elke semester en elke jaar 'n bepaalde breukdeel of persentasie van die HEMISPUNT te verwerf.

2.16.4 Die stelsel slaag daarin om redelike vordering te meet, maar help ook om studente wat dalk êrens in hulle studieloopbaan gly, in staat te stel om hulle plek in Sonop te behou. Dit gee ook vir studente wat uit eie keuse hulle kursus met 'n jaar wil verleng, die geleentheid om hulle plekke in Sonop te behou.

2.16.5 Tabel "A" toon die gyskaal vir 'n standaardkursus aan en Tabel "B" 'n verlengde kursus.

TABEL "A": STANDAARDKURSUS

1ste jaar	0.5 (Jun)	0.3375	(67,5 %)
	1.0 (Nov)	0.45	(45 %)
2de jaar	1.5 (Jun)	1.16	(77,3 %)
	2.0 (Nov)	1.45	(72,5 %)
3de jaar	2.5 (Jun)	2.0825	(83,3 %)
	3.0 (Nov)	2.45	(81,66 %)
4de jaar	3.5 (Jun)	2.70	(77,1 %)
	4.0 (Nov)	3.00	(75 %)
5de jaar	4.5 (Jun)	3.60	(80 %)
	5.0 (Nov)	4.00	(80 %)

TABEL "B" : VERLENGDE KURSUS

1ste jaar	0.5 (Jun) 1.0 (Nov)	0.3375 0.45	(67,5 %) (45 %)
2de jaar	1.5 (Jun) 2.0 (Nov)	0.80 1.00	(53 %) (50 %)
3de jaar	2.5 (Jun) 3.0 (Nov)	1.2325 1.45	(49,3 %) (48,3 %)
4de jaar	3.5 (Jun) 4.0 (Nov)	1.80 2.00	(51,4 %) (50 %)
5de jaar	4.5 (Jun) 5.0 (Nov)	2.70 3.00	(60 %) (60 %)
6de jaar	5.5 (Jun) 6.0 (Nov)	3.50 4.00	(63,6 %) (66,6 %)

2.16.6 ILLUSTRASIE VAN BEREKENINGSMETODE :

Kyk op die UP webwerf onder die afdeling van Jaarboeke vir die uiteensetting van die voorgeskrewe krediete vir jou kursus, en die kredietgewig van elke vak of module.

VOORBEELD 1

1. Gestel jy studeer BA Tale waar jaarmodules gevolg word, moet jy die volgende krediete per jaar verwerf volgens die Jaarboek :

Jaar 1	-	128 krediete
Jaar 2	-	120 krediete
Jaar 3	-	<u>120</u> krediete
		<u>368</u> krediete

2. Aan die einde van die eerste semester moet jy dus $0.3375/0.500$ ($67 \frac{1}{2} \%$) van die helfte van jou jaarlikse krediete behaal het, met ander woorde $67 \frac{1}{2} \%$ van 64, oftewel 43.2 krediete, andersins beland jy op 'n waglys vir toelating vir die volgende jaar.
3. Aan die einde van jou eerstejaar moet jy $0.45/1.00$ (45 %) van jou totale jaarlikse krediete van 128 krediete, met ander woorde $128 \times 45 \% = 57.6$ krediete behaal uit die vereiste 128 krediete, om plek te kry vir die volgende jaar.

- i. Aan die einde van jou tweede jaar moet jy byvoorbeeld $1.45/2.00 = 72,5\%$ van jou gesamentlike krediete vir jou eerste en tweedejaar verwerf, met ander woorde $72,5\% \times (128 + 120) = 179,80$ krediete van die vereiste 248 krediete om jou plek vir die derde jaar te verseker.
- ii. Sou jy egter minder behaal as die 179,80 krediete teen die einde van jou tweedejaar, en besluit om jou driejaarkursus te verleng na 'n vierjaarkursus, moet jy aan die einde van jou tweedejaar minstens volgens Tabel B $1.00/2.00 = 50\%$ van jou gesamentlike krediete van die eerste en tweedejaar verwerf het, naamlik $50\% \times (128 + 120) = 124$ krediete, en word jou verdere vordering dan volgens Tabel B bereken.

a. **VOORBEELD 2**

- i. Gestel jy studeer B.Sc (Aktuarieel) waar semestermodules gevolg word, moet jy die volgende krediete volgens die Jaarboek verwerf per jaar, en per semester :

Jaar 1 :	Semester 1 -	83 krediete
	Semester 2 -	<u>75 krediete</u>
		(158)

Jaar 2 :	Semester 1 -	74 krediete
		<u>72 krediete</u>
		(146)

Jaar 3 :	Semester 1 -	54 krediete
		<u>36 krediete</u>
		(162)

Totaal vir graadkursus : 466 krediete

- ii. Aan die einde van die eerste semester moet jy $0.3375/0.500$ ($67 \frac{1}{2}\%$) van die 83 eerste semester se krediete kry, om nie op die waglys te beland nie, met ander woorde $67 \frac{1}{2}\% \times 83 = 56,02$ van die vereiste 83 krediete.
- iii. Aan die einde van die eerstejaar moet jy $0.45/1.00$ (45%) van jou totale jaar se krediete van 158, met ander woorde $158 \times 45\% = 71.1$ krediete behaal uit

die vereiste 158 krediete om plek te kry vir die volgende jaar.

- iv. Aan die einde van jou tweedejaar moet jy byvoorbeeld $1.45/2.00 = 72.5\%$ van die gesamentlike krediete van jou eerste en tweedejaar verwerf, met ander woorde $72.5\% \times (158 + 146) = 220.4$ krediete van die vereiste 248 krediete, om jou plek vir die derdejaar te verseker.
- v. Sou jy egter minder behaal as die 220.40 krediete teen die einde van jou tweede jaar, en besluit om jou kursus te verleng na 'n vierjaarkursus, moet jy aan die einde van jou tweedejaar volgens Tabel B minstens $1.00/2.00 = 50\%$ van jou krediete van die eerste en tweedejaar verwerf het, naamlik $50\% \times (158 + 146) = 152$ krediete en word jou verdere vordering dan volgens Tabel B bereken.

2.16.7 Van studente sal verwag word om aan die einde van die eerste semester 'n volledig uiteengesitte berekening van hulle krediete te maak volgens hetsy Tabel A, of Tabel B, en sal studente moet aandui welke Tabel hulle by aanvanklike inskrywing gekies het. Hierdie berekening moet binne die eerste week van die tweede semester by die Koshuishoof ingedien word. Tesame met die student se eie berekening moet ook ingedien word 'n uitdruk van sy volledige akademiese rekord vanaf sy eerstejaar soos wat dit beskikbaar is as hy op UP se webwerf klik .(Maw op UP "click-up".) Steekproewe sal uitgevoer word om vas te stel of studente hulle krediete korrek uitgewerk het. (Studente wat doelbewus verkeerd uitwerk sal dissiplinêr vervolg word).

2.16.17.1 Studente wat nie aan die halfjaar (Junie) kredietvereistes voldoen nie, word op 'n waglys geplaas vir koshuistoelating vir die volgende jaar.

2.16.17.2 Alle studente wat aansoek wil doen vir verblyf (hetsy hulle op die waglys is of nie) moet voor of op 30 Augustus van 'n jaar hulle reserveringsheffings vir die volgende jaar betaal.

2.16.17.3 Studente wat aan die einde van die jaar aan die kredietvereistes voldoen, sal toelating vir van die volgende jaar kry, afhangende van die beskikbare plekke. Studente moet nie net daarna mik om aan die minimum kredietpunte te voldoen nie, aangesien die

Sonopraad mag besluit om meer eerstejaars te plaas, en beskikbare plekke dus deur eerstejaars opgeneem mag word, en slegs 'n beperkte getal plekke vir seniors oopgehou mag word.

2.16.8 Desnieteenstaande dit wat hierbo gemeld word behou die Sonopraad homself die reg voor om in sy uitsluitlike diskresie aan huidige of nuwe aansoekers plek te weier of toe te staan.

2.16.9 So diskresie kan byvoorbeeld uitgeoefen word ten gunste van 'n student of studente wat besondere omstandighede het, en waar die implementering van die stelsel onvoorsiene gebreke toon. 'n Diskresie kan byvoorbeeld teen studente uitgeoefen word wat van kursusse verander bloot om die effek van HEMIS te probeer ontsnap, of wat dissiplinêre verrigtinge teen hulle gehad het. In uitsonderlike gevalle mag in die uitsluitlike diskresie van die Sonopraad en die Koshuisbestuurder menslikheidsoorwegings soos siekte, dood in die familie, of ander faktore 'n rol speel in die besluit van die Sonopraad om 'n spesifieke kandidaat hertoelating tot Sonop te gee, strydig met die voormelde algemene reël.

2.17 Nooiery na Streke / Streeksbesetting / Streeksinwoning

2.17.1 Eerstejaars bly tradisioneel in die Stalle en in die Pastorie, en as daar 'n te groot inname van eerstejaars is kan van hulle ook in die diskresie van die HK in die Bloutrein gehuisves word.

2.17.2 Tweedejaars bly tradisioneel in die Bloutrein, maar namate die seniorstudente in die koshuis se getalle afneem as gevolg van korter kursusse van die inwoners, woon tweedejaars al meer ook in die Seniorstreke.

2.17.3 Kamers wat oopval hetsy aan die begin van die akademiese jaar of gedurende die jaar weens watter rede ookal moet behoorlik adverteer word op 'n kennisgewingbord en by etes.

2.17.4 'n Datum word bepaal deur die Huiskomitee en enige Huislid, wie ookal, is geregtig om in volgorde van senioriteit te teken vir die betrokke oop kamer.

2.17.5 Vir doeleindes van senioriteit word die reëls vir senioriteit gevolg soos hieronder uiteengesit word in paragraaf 2.18.

2.17.6 Nooiery van enige tweedejaar of nuweling mag slegs plaasvind as daar nie 'n Senior is wat in betrokke leë kamer in 'n streek wil vul nie, en so tweedejaar of nuweling dan genooi mag word na 'n streek toe om daar te teken. Sodanige nooiery ontnem egter nie die reg van 'n ander tweedejaar wat hoër op in senioriteit is as die betrokke tweedejaar wat genooi word, om vir die bepaalde kamer in die bepaalde streek te teken nie.

Inwoning van tweedejaars of nuwelinge in 'n kamer in 'n Seniorstreek mag slegs plaasvind as daar nie 'n senior in die koshuis is wat vir die kamer wil teken nie. Teken vir 'n kamer/kamers in 'n Seniorstreek geskied streng volgens die Senioriteitslys soos saamgestel volgens 2.18.

2.17.7 'n Persoon wat in 'n bepaalde streek op senioriteit teken en 'n kamer opneem vir bewoning is 'n volwaardige lid van daardie streek, en persone wat teen hom diskrimineer op enige basis hoegenaamd as synde dat hy nie 'n lid van die streek word nie, maak hulle skuldig aan wangedrag

2.18 **Senioriteit** :

2.18.1 Binne 14 (veertien) dae na die aanvang van die akademiese jaar stel die HK 'n voorlopige interne senioriteitslys op van alle inwoners in Sonop vanaf hulle derde jaar, en word alle inwoners in 'n senioriteitsvolgorde op die senioriteitslys geplaas. Die kriteria vir senioriteit is die volgende :

- (i) alle Huislede word eerstens gerangskik in die volgorde van hulle aantal jare in Sonop, met ander woorde in Sonop jaargroepe;
- (ii) vervolgens word binne die bepaalde jaargroep die Huislede volgens hulle akademiese vordering gerangskik, met ander woorde persone wat byvoorbeeld drie jaar in Sonop is, maar tweede jaar akademies is, word onderaan die lys van derdejaars geplaas;
- (iii) die voorlopige lys word dan verder verfyn deur die persone wat die hoogste akademiese prestasie het bo-aan die lys te plaas en die name op die lys te rangskik vanaf die hoogste akademiese prestasie na die laagste akademiese prestasie volgens die beskikbare akademiese resultate van die vorige akademiese jaar;

- (iv) persone wat van kursus verander het, maar wat wel hul akademiese jaar geslaag het voordat hulle van kursus verander het, word as 'n volle lid van die jaargroep gereken en word geplaas volgens sy laaste jaar se akademiese prestasie.

2.18.2 Sodra hierdie voorlopige lys waarna in paragraaf 2.18.1 verwys word beskikbaar is kan die Huiskomitee in hulle diskresie die name op die lys skommel en verander, inaggenome faktore soos die Sonopper se deelname aan oriënteringspraktyke, die totale deelname aan Koshuisaktiwiteite deur 'n Sonopper, wanneer die persoon in die Koshuis aangekom het (byvoorbeeld in die geval van 'n nuweling), die deelname en bydrae van die persoon aan sport, kultuur en algemene Koshuisaktiwiteite, en moet in ag geneem word of die persoon 'n Huiskomiteelid of studenteraadslid is, en wat sy bydrae en deelname aan die breë studentelewe is binne en buite Sonop.

2.18.3 Persone wat verontreg voel oor hulle plasing op die senioriteitslys kan binne 7 (sewe) dae na finalisering van die senioriteitslys deur die Huiskomitee appèl aanteken na 'n Appèl Tribunaal wat deur die Sonopraad aangewys word. Die Appèl Tribunaal se beslissing oor die aangeleentheid sal finaal wees.

2.18.4 Aan die begin van elke akademiese jaar sal die Huiskomitee 'n senioriteitslys van die eerstejaars van die vorige jaar opstel wat aansoek doen om as tweedejaars in Sonop toegelaat te word, en gebruik die Huiskomitee die volgende kriteria om die senioriteit van die betrokke nuwe tweedejaars te bepaal :

2.18.4.1 Die datum en tydstip waarop die betrokke eerstejaar die Tehuis binnegekom het, en vir die doel teken elke eerstejaar soos wat hy aankom in Sonop 'n boek wat die datum en tydstip van sy aankoms toon;

()

2.18.4.2 Akademiese prestasie gedurende die eerste jaar;

2.18.4.3 Die deelname van die eerstejaar aan die oriënteringsaktiwiteite en vrywillige gedragsreëls vir eerstejaars;

2.18.4.4 Die totale bydrae van die betrokke persoon tot die koshuisaktiwiteite in sy eerste jaar.

2.18.5 'n Tweedejaar mag, indien hy nie tevrede is met sy plasing op die senioriteitslys nie, appèl aanteken na die Appèl Tribunaal, in welke geval die beslissing van die Appèl Tribunaal oor die onderwerp finaal en bindend sal wees.

2.19 **Algemene- en onbehoorlike- en wangedrag :**

2.19.1 Enige voorval van dronkenskap en vandalisme word verbied, en word beskou as growwe wangedrag, wat strafbaar is met uitsetting uit die Tehuis.

2.19.2 Enige vorm van oneerlikheid deur 'n Sonopper met betrekking tot inligting wat deur hom verskaf word aan die Huiskomitee, die Koshuisbestuur of die Sonopraad met betrekking tot enige aangeleentheid wat beskou as growwe wangedrag.

2.19.3 Enige vorm van disrespek wat enige Huislid mag betoon teenoor die HK, die Koshuishoof, alle ander personeel in die tehuis of die Sonopraad en sy verteenwoordigers of verontagsaming van enige opdrag word beskou as growwe wangedrag wat strafbaar is met uitsetting uit die Tehuis.

2.19.4 Enige vorm van disrespek deur enige Huislid teenoor enige van die bure in die omgewing van Sonop en in die besonder vroulike bure, word beskou as growwe wangedrag wat strafbaar is met uitsetting uit die Tehuis.

2.19.5 Enige vorm van onsedelike gedrag soos byvoorbeeld kaal naelery (binne of buite die Sonopterrein), seks en vryery in of buite die kamers of op die terrein van Sonop word beskou as growwe wangedrag wat strafbaar is met uitsetting uit die Tehuis.

2.19.6 Geen seniors het voorregte ten opsigte van 'n eerstejaar of 'n tweedejaar nie, en mag nie in die Stalle of in die Pastorie ingaan of in 'n tweedejaar se kamer nie. Oortredings van hierdie reël is growwe wangedrag.

2.19.7 Dames mag in kamers van Huislede kuier, maar hulle mag nie in kamers oorslaap nie, en moet voor 01h00 uit die

kamers sowel as Koshuisgronde wees, en mag nie voor 07h00 soggens weer in kamers of Koshuisgronde kom nie.

Die enigste uitsondering op hierdie reël is gevalle waar “serries” of “raids” deur dames plaasvind, maar mag dames dan steeds nie kamers binnegaan van studente tussen die tye 01h00 en 07h00 nie.

2.19.8 Gaste in Sonop is die verantwoordelikheid van die Huislid/Huislede by wie hy/hulle kuier. Gaste, wat oud-Sonoppers insluit mag hoegenaamd niks met Eerstejaars te doen hê of aan enige aktiwiteit deelneem wat Eerstejaars by betrek word nie. Dit is elke Huislid se plig om toe te sien dat hierdie reël nagekom word, en Huislede wat versuim om dit te doen is skuldig aan growwe wangedrag.

2.19.9 Enige tweedejaar of senior wat 'n kamer van 'n eerstejaar betree, behalwe 'n HK-lid is skuldig aan growwe wangedrag, en enige senior of tweedejaar wat ten opsigte van eerstejaars enige daad of aktiwiteit verrig wat val buite die goedgekeurde aktiwiteite soos in Bylaag “B” uiteengesit, is skuldig aan growwe wangedrag.

2.20 **Drankgebruik** :

Sien Bylaag “A” hierby, vir die reëls met betrekking tot drankgebruik.

2.21 **Finansiële Kontrakte, reserveringsheffings, losiesgeld en inligting** :

2.21.1 Elke Huislid moet jaarliks op die datum soos deur die Koshuishoof bepaal sy Finansiële Kontrak volledig inhandig.

2.21.2 Elke Huislid moet jaarliks, op die datum soos deur die Koshuishoof bepaal, sy reserveringsheffing betaal. Beurshouers en NSFAS studente moet ook die reserveringsheffing betaal. 'n Terugbetaling sal gedoen word sodra die volle losiesgeld ontvang is.

2.21.3 Daar sal teen Huislede wie nie hou by die opsie van betaling wat gekies is nie, en dus agterstallig raak met hulle losies, volgens die Dissiplinêre Kode opgetree word.

2.21.4 Elk Huislid moet op aanvraag deur die Koshuishoof en/of die HK sy volledige akademiese vorderingsverslag en nuutste resultate beskikbaarstel aan die Huiskomitee en die Koshuishoof, en stem ook toe dat die resultate vanaf die UP aangevra mag word.

2.21.5 Alle projekte, funksies, en aktiwiteite van enige aard, waardeer fondse ingesamel word of waarvoor fondse ingesamel word, en waarby Sonop as instelling, Sonoppers, Sonop se naam of die streke van Sonop betrek word (insluitende, maar nie beperk nie tot dinees, golfdae, pa en seun dae, en diverse, sosiale en ander funksies wat gereël mag word :

- (a) moet vooraf deur die Huiskomitee en Sonopraad goedgekeur word;
- (b) moet onder toesighouding van die Huiskomitee geskied;
- (c) se gelde moet deur die formele Sonopbankrekening wat deur die Sonopraad goedgekeur is vloei;
- (d) se fondse moet van rekenskap gegee word deur die individue of groepe wat die fondse insamel aan die HK en die Koshuishoof;
- (e) se surplus fondse moet tot voordeel van Sonop aangewend word op so 'n wyse wat deur die HK aanbeveel word en soos in die finale instansie deur die Sonopraad goedgekeur word.

2.21.6 Die enigste rekening wat deur die studente in die Tehuis opereer mag word is 'n kleinkasrekening vir 'n bedrag wat jaarliks bepaal word deur die Sonopraad, en ten opsigte waarvan slegs fondse wat deur die Sonopraad toegeken word inbetaal mag word.

2.21.7 Die bankstate vir gemelde kleinkasrekening word na die finansiële beampte van die Sonopraad gestuur en word vanaf die Huiskomitee se kant af deur die HK-lid vir finansies administreer en verslag van rekonsiliasie aan die finansiële beampte van die Sonopraad op 'n maandelikse basis verskaf.

2.22 **Bewys van registrasie** :

Huislede moet jaarliks na registrasie, voor of op 'n datum wat deur die Koshuishoof afgekondig word, 'n amptelike bewys van registrasie inhandig.

2.23 **Tafelloseerders** :

2.23.1 Tafelloseerders is persone wat nie woonagtig is in Sonop nie, maar wat 'n kontrak sluit met die Sonopmaatskappy om teen vergoeding wat jaarliks deur die Sonopraad bepaal word :

2.23.1.1 Maaltye by Sonop te nuttig;

2.23.1.2 Op 'n beperkte wyse soos wat in hierdie Reëls bepaal word deel te neem aan Sonop se sosiale-, sport- en kultuuraangeleenthede;

2.23.2.3 Huislede van Sonop te word met beperkte voorregte soos wat in hierdie Reëls omskryf word.

2.23.2 Tafelloseerders doen aansoek vir sulke status by die HK en die Koshuishoof en word hulle toelating as sulks deur die Sonopraad oorweeg en goedgekeur;

2.23.3 Tafelloseerders word gekies hoofsaaklik uit eerstejaarstudente wat hulle eerstejaar in Sonop voltooi het, maar wat weens akademiese redes toelating geweier is, en is gemik daarop om grensgevalle of persone wat van studierigting of kursus verander het omdat hulle verkeerde vak- of kursuskeuses gemaak het die geleentheid te bied om hulle plekke as volwaardige Sonoppers terug te wen sodra hulle akademiese vordering toon;

2.23.4 Tafelloseerders mag ook gekies word uit enige ander persone, insluitende seniors of nuweling wat na oordeel van die Sonopraad meriete het om as tafelloseerders toegelaat te word weens kwaliteite soos uitnemendheid in sport, kultuur, akademie of omdat daar ander uitsonderlike omstandighede bestaan wat hulle toelating na die oordeel van die Sonopraad regverdig;

2.23.5 Tafelloseerders mag nadat hulle as sulks toegelaat is as tafelloseerders :

2.23.5.1 inskakel by 'n Streek;

- 2.23.5.2 deelneem aan Streeksfunksies;
 - 2.23.5.3 deelneem aan sport-, sosiale- en kulturele aktiwiteite (beide intern en ekstern).
- 2.23.6 Tafelloseerders mag nadat hulle as sulks toegelaat is nie deelneem aan die volgende nie :
- 2.23.6.1 hulle mag nie Huisvergaderings bywoon nie;
 - 2.23.6.2 hulle mag nie teenwoordig wees tydens tradisies nie;
 - 2.23.6.3 hulle mag geen interaksie met eerstejaars hê nie.
- 2.23.7 Tafelloseerders is onderworpe aan alle Huisreëls en aan die Dissiplinêre Kode van Sonop en hulle beperkte lidmaatskap van Sonop kan te enige tyd deur die Sonopraad beëindig word en kan hulle geskors of uitgesit word as tafelloseerders uit Sonop.
- 2.23.8 Die tariewe vir tafelloseerders word jaarliks aangepas deur die Sonopraad maar sal vanaf 2011 die volgende tariewe geldig wees :
- 2.23.8.1 Lidmaatskapsgele van R250-00 per maand;
 - 2.23.8.2 Etegele van R1 500-00 per maand wat sal insluit twee volle etes per dag met ander woorde middagete en aandete, elke weeksdag en Sondag, maar op Saterdag die sogenaamde “brunch” en aandete.
- 2.23.9 Vir Universiteitsvakansies, met ander woorde wanneer Sonop se kombuis toe is sal tafelloseerders se rekening vir 'n bepaalde maand verminder word met R375-00 per week oftewel R50-00 per dag, maar sal 'n tafelloseerder die volle tarief andersins moet betaal buite Universiteitsvakansies of hy nou etes neem of nie, en is die lidmaatskapsgele betaalbaar of dit Universiteitsvakansies is of nie.
- 2.23.10 Tafelloseerders betaal maandeliks vooruit hulle lidmaatskap- en etegele, en ontvang by betaling 'n kwitansie uitgereik vir die betrokke maand vanaf die boekhoudster, welke kwitansie die tafelloseerder moet toon vir die kombuispersoneel alvorens hy etes

mag neem vir 'n maand, en teken die kombuispersoneel in 'n register aan welke tafelloseerders se kwitansie aan hulle getoon is en welke tafelloseerders dus vir 'n maand op etes geregtig is. Tafelloseerders mag slegs deelneem aan die aktiwiteite vermeld in paragraaf 2.22.5 as hulle lidmaatskap- en etegelde vir 'n bepaalde maand vooraf betaald is.”

2.24 **Oud-Sonoppers** :

As 'n algemene reël word dit op rekord geplaas dat individuele oud-Sonoppers welkom is om die Tehuis te besoek, en om as individue besoek af te lê by hulle vriende wat nog in die Tehuis woonagtig is en om by hulle vriende te kuier en saam met hulle vriende deel te neem aan sosiale en kulturele aktiwiteite. Hierdie algemene reël is egter onderworpe aan die volgende spesifieke voorwaardes :

- 2.24.1 Oud-Sonoppers wat die Tehuis besoek is onderworpe aan die huisreëls en huislede wat besoekers ontvang moet toesig hou dat sulke besoekers die Huisreëls eerbiedig en sal sulke huislede aanspreeklik en verantwoordelik gehou word vir die wangedrag van hulle besoekers asof hulle self daardie wangedrag gepleeg het.
- 2.24.2 Geen interaksie deur oud-Sonoppers mag met eerstejaars plaasvind nie en mag geen oud-Sonopper aan enige aktiwiteit deelneem waarby eerstejaars betrek word nie.
- 2.24.3 Geen georganiseerde deelname deur oud-Sonoppers as 'n georganiseerde groep of groepies, mag plaasvind aan enige sosiale, kulturele of ander aktiwiteite nie, en mag geen oud-Sonoppers as 'n groep of groepe genooi word om sulke formele funksies, en sosiale en kulturele geleenthede by te woon behalwe as dit plaasvind kragtens reëlings met BOS en die Sonopraad nie.
- 2.24.4 Geen oud-Sonopper wat uit die Tehuis geskors is weens oortredings aan Huisreëls mag die Tehuis as 'n gas besoek alvorens daar nie 'n jaar verstryk het sedert datum van sy skorsing nie.

- 2.24.5 Tydens Joolweek en tydens Streeksfunksies word daar spesifiek geen oud-Sonopper toegelaat om teenwoordig te wees op die terrein of om aan enige sosiale of ander aktiwiteit deel te neem nie.
- 2.24.6 Tydens die plaasvind van enige tradisies, soos Gesinsdag of andersins, waarby eerstejaars betrokke is word daar spesifiek geen oud-Sonopper toegelaat om op die terrein teenwoordig te wees sonder dat toestemming by die Koshuishoof bekom is, en die Koshuishoof teenwoordig is by so 'n besoek deur 'n oud-Sonopper nie.”

“2.25 STREEKSAKTIWITEITE

Die doel van hierdie streeksaktiwiteite huisreël is om die skep en behou van Streke se eie identiteit te reël binne die gees en etos van Sonop se visie en missie maar sonder om afbreuk te doen aan die groter Sonop-band wat tussen alle Sonoppers bestaan ongeag die Streek waarin iemand woon, die kultuuragtergrond waaruit 'n persoon kom, of die jaargroep waarbinne iemand val :

- 2.25.1 Aanvaarding :
Soos bepaal word in Huisreël 2.17 hierbo is nooiery na Streke en kliekvorming verbode as ernstige wangedrag, en is die enigste maatstaf op grond waarvan 'n student geregtig is om 'n kamer op te neem in 'n Streek die maatstaf van senioriteit. Streke moet nuwe intrekkers voetstoots aanvaar en geen individue mag uitgesluit word van enige Streeksaktiwiteit of deelname in Streeksverband alvorens hulle eers “ingelyf” is of persoonlike gunste verrig vir senior studente nie. Elke intrekker in 'n Streek sal die voorreg hê om seremoniële deelwording te geniet as 'n volwaardige Streekslid en sal geregtig wees op die ontvangs van bv. 'n Streekspak, sal geregtig wees om die Streekslied te sing, en om op 'n vriendskaplike voet met die res van die Streek saam te kuier en mag nie op enige wyse uitgesluit word omdat hy nie wil inval met Streeksgewoontes en praktyke nie.
- 2.25.2 Drankmisbruik :
Drankmisbruik binne en buite die koshuisgronde asook enige vorm van groepsdruk om drank te gebruik by georganiseerde Streeksgeleenthede (selfs al is dit buite die

koshuis), word ten strengste verbied en studente wat hulle skuldig maak aan drankmisbruik of senior studente wat toelaat dat junior studente hulle skuldig maak aan drankmisbruik of hulle self skuldig maak aan drankmisbruik (hetsy binne of buite die koshuis) se gedrag sal as onbetaamlike wangedrag beskou word wat hulle strafbaar stel met skorsing.

2.25.3 Streeksnaweek :

Streke mag jaarliks 'n wegbreeknaweek bekend as 'n Streeksnaweek hou buite die koshuisterrein, maar tydens hierdie Streeksnaweek sal die Huisreëls geld omdat lede steeds aan Huisreëls onderworpe is (synde dat die Streeksnaweek 'n georganiseerde Koshuisaktiwiteit is), en sal enige verbreking van Huisreëls strafbaar wees ingevolge die Dissiplinêre Kode. Die doel van die Streeksnaweek is 'n genotvolle wegbreeknaweek waarop elke Streekslid teenwoordig mag wees en mag daar nie gedurende sulke Streeksnaweke ontgroeningspraktyke of inlywingspraktyke plaasvind nie, selfs nie van senior studente, wat vir die eerste keer in 'n Streek intrek nie.

2.25.4 Geheimhouding :

Die weerhouding van inligting aan die Huiskomitee, die Huisvoorsitter, die Koshuishoof of die Sonopraad oor aktiwiteite wat in Streke plaasvind of wat in Streeksverband op Streeksnaweke plaasvind is verbode. Studente wat hulle skuldig maak daaraan om geheime praktyke te beoefen en inligting te weerhou van die voormelde persone en instansies sal strafbaar wees met skorsing. Streke mag hulle eie tradisies onderling diskreet hou, samehorigheidsgevoel in 'n bepaalde Streek skep en elke Streek se unieke karakter en identiteit uit bou, maar sal alle inligting oor Streekstradisies onmiddellik op aanvraag aan die Huiskomitee, die Koshuishoof of die Sonopraad bekend gemaak word.

2.25.5 Streeksleiers :

Streeksleiers verteenwoordig die informele leierskap in elke Streek en word verkies om namens die Streek as 'n spreekbuis te dien op Huisvergaderings en Huiskomitee vergaderings, maar is Streeksleiers te alle tye onderworpe aan die Huiskomiteeledede, en geniet 'n Huiskomiteelid die hoogste gesag in elke Streek bokant 'n Streeksleier, en is 'n Huiskomiteelid geregtig om enige besluit of optrede van 'n Streeksleier te *veto*. Streeksleiers reël interne funksies en

aktiwiteite in Streke, maar steeds onderworpe aan die gesag van die Huiskomitee en moet alle aktiwiteite in oorleg met die Huiskomitee reël, en Streeksleiers moet eenkeer per maand op 'n HK-vergadering insit om sy bepaalde Streek te verteenwoordig.

- 2.25.6 Unieke Streeksgebruike :
Streke word toegelaat om binne die grense van die Sonop Huisreëls innoverende, kreatiewe gesonde tradisies te ontwikkel wat nie afbreuk doen aan menseregte nie, en wat 'n gesonde opbouende trots in 'n Streek vestig. Streke mag hulle self egter nie belangriker ag as die Huis as 'n geheel of hulle eie belange bevorder bokant die groter belange van die Tehuis nie.
- 2.25.7 Fisiese en geestelike aantasting van studente
Streke mag nie enige gebruik in plek stel of handhaaf waarkragtens enige student of nuwe intrekker hetsy vrywillig of onder dwang onderwerp word aan enige vorm van fisiese aantasting of geweld nie, insluitende maar nie beperk tot byvoorbeeld houe op borskas of agterstewe of elders, brandmerkerkery, blootstel aan vuur of hitte of koue of wat ookal nie. Studente mag ook nie sielkundig of emosioneel op enige wyse hoegenaamd afgetakel word nie.

3. **BYLAES** :

- A. Drankgebruik
- B. Eerste en Tweedejaars
- C. Dissiplinêre Kode

(WEERGAWA 1/4/2012)
